education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

REKENINGKUNDE

GRAAD 12

JUNIE 2023 – EKSAMENVRAESTEL 2

PUNTE: 150

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formule blad en 'n 10-bladsy antwoordboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ‘n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers is aan die einde van die vraestel vir jou verskaf. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood OF blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon berekeninge tot die EERSTE desimale syfer.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die onderstaande tabel as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Versoenings en Ouderdomsontleding	60	50
2	Voorraadwaardasie	40	30
3	Vervaardigings	50	40
TOTAAL		150	120

Kopiereg voorbehou:

VRAAG 1: VERSOENING, INTERNE KONTROLE EN OUDERDOMSONTLEDING
(60 punte; 50 minute)

1.1 SLOGAN HANDELAARS

Die volgende inligting het betrekking op Slogan Handelaars vir Mei 2023. Die amptelike bankstaat wat van UK Bank ontvang word, word op die 28ste van elke maand uitgereik.

GEVRA:

1.1.1 Voltooi die Kontantjoernale vir Mei 2023. (12)

1.1.2 Bereken die korrekte banksaldo op 31 Mei 2023. (5)

1.1.3 Stel die Bankversoeningstaat vir Mei 2023 op. (10)

1.1.4 Verwys na die uitstaande deposito van R24 400. Verskaf TWEE oplossings om die probleem in die toekoms te voorkom. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 April 2023:

Kredietsaldo volgens Bankstaat	R9 500
Uitstaande deposito's: 12 April 2023	24 400
28 April 2023	36 600
Uitstaande EFO: Nr. 321	37 900
Gunstige saldo volgens Bankrekening	?

Let wel:

- Die uitstaande deposito van R24 400 op die Bankversoeningstaat was ten opsigte van verkope. Dit het ook nie op die Bankstaat vir Mei verskyn nie. ’n Ondersoek het aan die lig gebring dat die boekhouer nooit die geld inbetaal het nie. Daar is besluit om die deposito af te skryf.
- Die uitstaande deposito van R36 600 het op die Bankstaat vir Mei 2023 verskyn.
- EFO 321 het op die Mei 2023 Bankstaat verskyn.

B. **Voorlopige totale uit die Kontantjoernale op 31 Mei 2023:**

- Kontantontvangstejoernaal, R232 030
- Kontantbetalingsjoernaal, R102 500

C. **Die volgende inligting oor die Mei 2023-bankstaat wat van UK Bank ontvang is, het nie in die Mei Kontantjoernale verskyn nie:**

- 'n Direkte betaling van R108 000 het op die Bankstaat verskyn. Dit was vir die finale paaiement op die lening.
- 'n Deposito van M Martin, R14 500 vir haar maandelikse huur.
- EFO 444 vir R13 200 is aan Jannie Handelaars betaal vir handelsvoorraad. Na 'n ondersoek is ontdek dat die boekhouer nagelaat het om dit aan te teken.
- EFO-fooie, R878
- Kontanthanteringsfooi, R215
- Diensgelde, R409
- Rente op ‘n positiewe banksaldo, R216
- Debietorders:
  - R7 800 vir versekering
  - R5 760 vir water en elektrisiteit
- EFO 474 betaling vir R5 262 was ten gunste van Silverton Radiators. Die bank het hierdie EFO in die bankrekening gedupliseer. Die bank sal hierdie fout regstel.
- Betaal die krediteur R14 300 elektronies ter vereffening van ons rekening.
- ‘n Bankfout van R7 900 is as ‘n deposito op die bankstaat getoon. Die bank sal die fout regstel.

D. **Die volgende inligting het in die Mei 2023 Kontantjoernale verskyn, maar nie op die Bankstaat vir Mei 2023 nie:**

- EFO 323 vir R45 165.
- Uitstaande deposito, R27 660
- Saldo volgens bankstaat op 31 Mei 2023, R ?.

1.2 SEB HANDELAARS

Die boekhouer van SEB Handelaars het sekere foute in die voorbereiding van die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys op 30 April 2023 gemaak.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die korrekte saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek vir April 2023. (5)

1.2.2 Stel die korrekte Krediteurelys op 30 April 2023 op. (12)

INLIGTING

Vooraansuiweringsbedrae op 30 April 2023:

Saldo van die Krediteurekontrolerekening		R102 350
Totaal van krediteurelys van die Krediteuregrootboek		R117 450
Motloung Handelaars	R36 650	
Maritz Groothandelaars	R40 500	
Mkhize Winkels	R30 300	
Meyer Verskaffers	R10 000	

FOUTE EN WEGLATINGS

A Die totaal van die Krediteurejoernaal is foutiewelik as R55 900 in plaas van R75 900 opgetel.

B Kredietaankope van R7 250 van Meyer Verskaffers is na die verkeerde kant van sy rekening oorgeboek. Herstel die fout.

C 'n Betaling van R9 600 aan Mkhize Winkels is korrek in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken, maar die boekhouer het nagelaat om die betaling na die krediteur se rekening oor te boek.

D Kredietaankope van goedere ter waarde van R34 570 van Maritz Groothandelaars is foutiewelik as R43 750 in die Krediteure-joernaal aangeteken en so oorgeboek.

E 'n Kredietsaldo van R7 775 van Mkhize Winkels se rekening in die Debiteuregrootboek moet na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra word.

F 'n EFO betaling vir R14 600 uitgereik aan Motloung Handelaars is korrek in die Kontantbetalingsjoernaal opgeteken. Dit is foutiewelik na Maritz Groothandelaars oorgeboek. Herstel die fout.

1.3 HALLOWA HANDELAARS

Die debiteure-ouderdomsontleding op 30 April 2023 word verskaf. Kredietterme is 30 dae.

GEVRA:

1.3.1 Verduidelik hoe 'n debiteure-ouderdomsontleding met interne kontrole oor debiteure kan help. Verskaf TWEE punte. (4)

1.3.2 Bereken die persentasie totale skuld wat die kredietterme oorskry. (4)

1.3.3 Verduidelik EEN probleem (met bedrae) met betrekking tot ELK van die volgende debiteure:
- P Naidoo
- J Plaatjies (4)

INLIGTING:

DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE OP 30 APRIL 2023:

	KREDIET-LIMIET	BEDRAG VERSKULDIG	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	90 DAE
	R	R	R	R	R	R
P Naidoo	15 000	16 900	2 400	14 500		
D Daily	18 000	18 200	6 100	4 900	7 200	
Z Dumela	3 800	3 800		3 800		
J Plaatjies	16 000	12 600		300	10 000	2 300
M Maas	5 000	13 500	8 500	5 000		
		65 000	17 000	28 500	17 200	2 300
		100%	?	?	?	?

60

VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE (40 punte; 30 minute)

SUPER WINKELS BEPERK

Die maatskappy verskaf tafels en stoele aan die publiek. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik. Die jaareinde is 28 Februarie 2023.

GEVRA:

TAFELS

2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir tafels op 28 Februarie 2023 deur die eerste-in-eerste-uit-metode te gebruik. (5)

2.2 Die maatskappy het in 2023 besluit om die teikenmark uit te brei en om handelskorting toe te staan om verkope te verhoog.

2.2.1 Bereken die % winsopslag wat in 2023 behaal is. (2)

2.2.2 Verskaf TWEE punte (met bedrae) om te bewys dat hierdie besluit suksesvol was. (4)

2.2.3 Die aandeelhouers voel dat hierdie besluit ook die maatskappy negatief beïnvloed het.

- Verskaf TWEE punte (met bedrae) wat sy opinie staaf. (4)
- Gee hul advies om hierdie probleem op te los. Verduidelik TWEE punte. (2)

STOELE

2.3 Bereken die voorraadhoudingstydperk vir stoele (gebruik eindvoorraad). (3)

2.4 Die direkteure is bekommerd oor die beheer van die stoele. 'n Ondersoek het getoon dat die stoorbestuurder stoele sonder dokumentasie aan sy familie verskaf.

- Bereken die getal stoele wat vermis word. (5)
- Gee TWEE voorstelle om hierdie probleem op te los. (2)

TELEVISIESTELLE

Shady Janeben (HFB) het in 2022 die besigheid uitgebrei deur televisies tot hul produkreeks by te voeg. Hy het grootmaat korting op aankope beding met Rashia Verskaffers op twee TV-stelmodelle, naamlik SONN en TELE. Die HUB was met verlof en was nie hiervan bewus nie.

2.5 Bereken die waarde van die eindvoorraad van TV-stelle op 28 Februarie 2023 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (7)

2.6 'n Werknemer van Rashia Verskaffers het vir die HUB vertel dat Shady Janeben ‘n ‘bonus’ van 20% van Rashia Verskaffers ontvang het vir die koop van oortollige televisies. Die HUB wil dit op die volgende raadsvergadering bespreek.
Verduidelik DRIE verskillende bekommernisse wat die aandeelhouers oor hierdie probleem sal hê. (6)

INLIGTING:

A. Voorraadrekords van tafels en stoele:

	TAFELS			STOELE	
	EEN-HEID	**EENHEIDS-PRYS**	**TOTAAL**	**EEN-HEID**	**TOTAAL**
Voorraadsaldo's					
1 Maart 2022	310	R1 200	R372 000	580	R104 400
28 Februarie 2023	270		?	285	R55 575
Aankope:					
Mei 2022	900	R1 400	R1 260 000	1 400	R266 000
September 2022	1 300	R1 500	R1 950 000	1 600	R312 000
Januarie 2023	150	R1 600	R240 000	700	R140 000
Totaal	2 350		R3 450 000	3 700	R718 000
Terugsendings van Januarie	20	R1 600			
Verkope				3 850	
Koste van verkope					R766 825

B. Inligting met betrekking tot tafels:

	2023	**2022**
Verkope	5 058 000	R4 910 680
Koste van verkope	3 372 000	R3 069 175
Bruto wins	1 686 000	R1 841 505
Eenhede verkoop	2 370	2 220
Verkoopprys per eenheid	R2 134	R2 212
% winsopslag behaal	?	60%
Klante op rekord	32	24

C. Voorraadrekords van televisiestelle:

	MODEL	**EENHEID**	**EENHEIDS-PRYS**	**TOTAAL**
Aankope				
Oktober 2022	SONN	900	R4 000	R3 600 000
	TELE	980	R8 600	R8 428 000
Januarie 2023	SONN	600	R4 000	R2 400 000
	TELE	670	R8 600	R5 762 000
TOTAAL		3 150		R20 190 000
Verkope	SONN	440	R7 200	R3 168 000
	TELE	350	R14 620	R5 117 000
TOTAAL		790		R8 285 000

40

VRAAG 3: VERVAARDIGING (50 punte; 40 minute)

3.1 Kies EEN kosterekening vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die kosterekening langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORD-BOEK neer.

direkte arbeidskoste; grondstofkoste; fabrieksbokoste; administrasiekoste; verkoop- en verspreidingskoste

3.1.1 Waardevermindering op kantoortoerusting

3.1.2 Oninbare skulde gedurende die finansiële jaar afgeskryf

3.1.3 Vervoerkoste betaal vir grondstowwe aangekoop

3.1.4 Pensioenfondsbydraes betaal namens die werkers in die produksie-proses. (4)

3.2 **ALYSSA VERVAARDIGERS**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023. Die onderneming vervaardig een tipe reissak. Die eienaar is Alyssa Nowers.

GEVRA:

Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:

3.2.1 Produksiekostestaat (11)

3.2.2 Verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) (13)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

	28 Februarie 2023	**1 Maart 2022**
Klaarprodukte voorraad	R104 000	R188 000

Daar is geen goedere-in-bewerking aan die begin of einde van die jaar nie.

B. Grondstof aan die fabriek vir produksie uitgereik, R1 646 120.

C. Produksielone:

Inligting onttrek uit die produksielone-rekords:

NETTO LONE AAN DIE PRODUKSIEWERKERS BETAAL	**TOTALE AFTREKKINGS**
R655 520	32% van bruto lone

D. Die boekhouer het die volgende koste bereken vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:

Fabrieksbokoste	R725 600
Verkoops- en verspreidingskoste	R234 400
Administrasiekoste	R192 800

Daar is ontdek dat die boekhouer nie die volgende in berekening gebring het nie:

- Die telefoonrekening van R34 880 is foutiewelik na die fabrieksbokoste rekening oorgeboek. Hierdie uitgawe het op die kantoor betrekking.
- Die volle bedrag vir huuruitgawe, R102 800, is na die fabrieksbokoste oorgeboek. Hierdie uitgawe moes in die verhouding 6 : 3 : 1 tussen die fabrieks-, verkoops- en administrasie-afdelings verdeel word.
- Die versekeringsuitgawe van R42 800 is foutiewelik gelykop tussen die fabrieksbokoste en verkoopsafdeling verdeel en sodanig aangeteken. 60% van hierdie uitgawe het op die fabriek betrekking en die res is op die verkoopsafdeling van toepassing.

E. Verkope:

Totale verkope vir die jaar beloop R4 560 700.

3.3 BEHEER VAN GRONDSTOWWE

Nadat die state in VRAAG 3.2 voltooi is, vermoed die interne ouditeur van Alyssa Vervaardigers dat die grondstowwe (materiaal) nie in die stoorkamer en die fabriek goed beheer word nie.

3.3.1 Bereken:

- Die meter materiaal wat uit die stoorkamer vermis word.
- Die meter materiaal wat in die fabriek vermors word.

Behalwe die installering van kameras, verskaf 'n spesifieke strategie om interne beheer in die stoorkamer en fabriek te verbeter. Noem in ELKE geval 'n ander punt. (6)

3.3.2 Bereken die totale koste van materiaal wat verlore en vermors is en verduidelik hoe hierdie verlies getoon moet word in die Verkorte staat van Omvattende Inkomste. (4)

INLIGTING:

A. **Grondstowwe (materiaal):**

Materiaal wat vir produksie gebruik word, word vanaf die stoorkamer aan die fabriek uitgereik soos benodig. Die rekord van materiaal is soos volg:

	METERS	**TOTALE BEDRAG R**
Saldo op 1 Maart 2022	2 950	354 000
Aankope van materiaal/grondstowwe gedurende die jaar	11 200	1 344 000
Materiaal/Grondstof beskikbaar	14 150	1 698 000
Saldo op 28 Februarie 2023	830	99 600
Grondstof aan fabriek uitgereik	12 760	1 531 200

B. **Addisionele inligting:**

- Materiaal word aangekoop teen 'n vaste kosprys van R120 per meter.
- Dit neem 1,55 meter materiaal om een reissak te maak.
- 8 100 sakke is gedurende die finansiële jaar vervaardig.

3.4 **SIMPHIWE SPEELGOEDFABRIEK**

Hierdie fabriek vervaardig houtkarretjies. Daar is geen goedere-in-bewerking-voorraad aan die begin of einde van elke jaar nie. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2023.

Simphiwe het besluit om die probleem van lae winste wat in 2022 behaal is, op te los deur 'n paar veranderinge aan te bring om verkope en produksie te verbeter.

GEVRA:

3.4.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die 2023 finansiële jaar. (4)

3.4.2 Verduidelik aan Simphiwe waarom die vaste koste per eenheid van R55,00 tot R50,00 verminder het. (2)

3.4.3 Simphiwe het doelbewuste besluite geneem rakende die veranderlike koste om die onderneming te verbeter.

Verduidelik die besluite wat sy oor hierdie koste kon geneem het en hoe dit 'n positiewe uitwerking op die onderneming kon gehad het. Haal syfers aan. (6)

INLIGTING:

	28 FEBRUARIE 2023		28 FEBRUARIE 2022	
	BEDRAG R	**EENHEIDS-KOSTE R**	**BEDRAG R**	**EENHEIDS-KOSTE R**
Direkte materiaalkoste	467 500	110,00	315 000	90,00
Direkte arbeidskoste	255 000	60,00	252 000	72,00
Verkoop- en verspreidingskoste	119 000	28,00	84 000	24,00
VERANDERLIKE KOSTE	841 500	198,00	651 000	186,00
Fabrieksbokoste	159 375	37,50	147 000	42,00
Administrasiekoste	53 125	12,50	45 500	13,00
VASTE KOSTE	212 500	50,00	192 500	55,00
Verkoopsprys per eenheid	R275		R250	
Eenhede geproduseer en verkoop	4 250 eenhede		3 500 eenhede	
Gelykbreekpunt	?		3 008 eenhede	

50

TOTAAL: 150

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

LET WEL:

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou